

Vrydag 3 September

Skrifgedeelte: Titus 1:5-9

Fokusgedeelte: Titus 1:5-7

Betroubare manne om die betroubare evangelie uit te dra

Nadat Paulus 'n rukkie saam met Titus op die eiland Kreta gewerk het, laat hy vir Titus daar agter om ouderlinge te kies in elke dorp sodat die gemeentes georden en toegerus kan word om ware getuies van hulle geloof te wees.

Kreta het baie agteruitgegaan ná 'n reeks aardbewings en vulkaniese uitbarstings, sodat die eiland deur seerowers ingeval is en die samelewing in 'n spiraal al slegter geword het. Die Kretensers is uitgemaak as seerowers, diewe, vrate, leuenaars, luiaards en ongediertes (1:12).

Titus moes self betroubare manne as ouderlinge aanstel, anders het 'n korrupte en siek samelewing korrupte leiers aangestel. Die ouderlinge moes aan die volgende vereistes voldoen om die boodskap van die betroubare God (vs 2 – *Die God wat nie kan lieg nie* – OAV) geloofwaardig te verkondig:

- Hulle moes ouderlinge wees in die ware sin van die woord (*presbuteros* – oudste) – vers 5. Hier lê die klem op die leiding. Hulle moes 'n voorbeeld stel in hulle huwelik, huisgesin en die samelewing (vs 6). 'n Goeie samelewing word immers op gesonde huwelike en gesinne gebou.
- Hulle moes opsieners wees (*episkopos*) – vers 7a. Hier kom die toesighouding oor leer en lewe meer in die fokus.
- En hulle moes goeie rentmeesters van God se huishouding wees (*oikonomos*) – vers 7b. Beheer en orde in die gemeente en daaglikse bestuur kry hier die klem.
- Verder noem vers 7 vyf dinge wat 'n ouderling nie moet wees nie: aanmatigend (koppig/eiewys), opvlieënd (humeurig), dronkaard (verslaaf), rusiemaker (bakleierig) of soeker van oneerlike wins (persoonlike wins).

So wil die betroubare Here destyds en vandag betroubare manne in sy kerk hê wat die betroubare evangelie van Jesus Christus se verlossing betroubaar sal verkondig.

Sing: Psalm 9-2:1, 6

Ds. TJ Potgieter (Theunis) (Port Elizabeth)